**"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"**

(Hebr. 13:8)

# OMSENDBRIEF Desember 2015

Ek groet u almal heel hartlik met die woord uit Handelinge 26, vers 22: *"Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie".* Amen! Dit het so gebeur, in besonders met die eerste koms van Christus, toe daar meer as 100 profesieë vervul was, en dit gebeur ook nou, soos die laaste profesieë vervul word.

Ons weet, dat God 'n verlossingsplan het wat Hy deur Sy profete aangekondig het, wat in die dag van verlossing, waarin ons nou tans leef, tot uitvoering gebring word: ***"want die HERE van die leërskare het dit besluit — wie sal dit kan verydel? En Sy hand is uitgestrek — wie sal dit kan afkeer?"*** (Jes. 14:27).

Paulus het 'n roeping gehad (Handelinge 9) en dus ook 'n direkte verantwoording voor God, wat uitgedruk word in al sy briewe. Soos hy kon sê: *"Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie"* (Hand. 20:27), so is dit ook in hierdie tyd, dat God se hele verlossingsplan uit die mond van die geroepene aan ons nuut daargelê, en deur die Heilige Gees geopenbaar word.

Volgens God se belofte in die Ou en ook in die Nuwe Testament (Mal. 4:5; Matt. 17:11), het die getroue HERE, hier voor die koms van die hemelse Bruidegom 'n profeet gestuur, om weer alles in Sy Gemeente te herstel en hulle weer na hul oorspronklike stand terug te bring.

**Kom ons kyk na die bybelse patroon van 'n goddelike roeping en sending:**

Moses kon sê: *"Die EK IS het my na julle gestuur"* (Ex. 3:14), want die HERE self het vir hom gesê: *"Ek wil jou na Egipte stuur!"* (Ex. 3: 10-12; Hand. 7:34).

Jesaja antwoord op die vraag van die HERE *"Wie sal Ek stuur?": "Hier is ek, stuur my"* (Jes. 6:8). Aan Jeremia het Hy gesê: *"Moenie*

*sê: Ek is jonk nie; want na wie Ek jou ook al stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel, moet jy spreek"* (Jer. 1:7).

Die HERE het Paulus opdrag gegee om op weg te gaan, *"want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene"* (Hand. 22:21), *"... om hulle oë te open"* (Hand. 26: 17-18). Dit het geskied deur die proklamasie van die Woord.

In Johannes 13, vers 20, beklemtoon die HERE Jesus: *"wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"*. In Johannes 20, vers 21, het die opgestane HERE aan Sy dissipels gesê: *"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"*.

HY self lê meer as 20 keer vanaf Johannes 4, vers 34, tot Johannes 17, vers 8, as Seun van die mens getuienis af, dat Hy gestuur was.

Wat Sy koms betref, het die HERE in Maleagi 3, vers 1, gesê: *"Kyk, Ek stuur My boodskapper … voor My uit ...* ", en in Maleági 4, vers 5 het ons die volgende belofte: *"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía ..."*

Oor sy roeping het Broeder Branham, in sy 1,200 preke, waarskynlik 'n totaal van tweehonderd keer Maleági 4, vers 5 genoem, waar die HERE self gesê het: *"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek ..."*. Hierdie Skrif was in ons tyd vervul. Deur dié beloofde bediening kom alles wat in lering en handeling oorspronklik in die Gemeente was, tot herstelling; die HERE het dit bevestig in Matthéüs 17, vers 11: *"Elía kom eers en sal alles herstel"*.

Johannes die Doper het ook geweet watter Woord van God op hom van toepassing was. Daarom kon hy sê: *"Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit! soos Jesaja (hoofstuk 40:3), die profeet, gesê het"* (Joh. 1:23). In Matthéüs 11, vers 10, dui die HERE Jesus self Sy bediening aan: *"Want dit is hy van wie daar geskrywe is (Mal. 3:1): Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak"*.

In hierdie daarlegging gaan dit nie oor die bedieninge wat God in die Gemeente geplaas het nie, naamlik apostels, profete, herders, leraars en evangeliste, nie eens oor die ouderlinge en diakens nie, en ook nie oor die geestelike gawes in die Gemeente nie, maar dit

gaan oor <u>die laaste sending, die laaste boodskap</u> wat nie net in 'n plaaslike gemeente nie, maar ook wêreldwyd verkondig moet word, waardeur die Gemeente van Jesus Christus na hul oorspronklike stand teruggebring word.

So gewis soos Johannes die Doper kon getuig: *"... maar Hy wat <u>my gestuur het</u> om met water te doop, <u>Hy het aan my gesê</u> ..."* (Joh. 1:33), kon Broeder Branham sekerlik ook getuig oor wat op 11 Junie in 1933 aan hom gesê was: **"Soos Johannes die Doper die eerste koms van Christus vooruit gestuur was, word jy ook <u>gestuur</u> met 'n boodskap, wat die Wederkoms van Christus vooraf sal gaan!"**. Hy kon getuienis aflê van die direkte sending en van die bonatuurlike ervaring op 7 Mei, 1946, toe hy in die bediening aangestel was. Die engel wat in 'n bonatuurlike lig die kamer betree het, het voor hom gaan staan en gesê: **"Moenie vrees nie. Ek is vanaf die teenwoordigheid van die Almagtige God aan jou <u>gestuur</u>!"**. Hy het hom instruksies gegee en onder meer gesê: **"Soos Moses twee tekens gegee was, word jy ook twee tekens gegee"**. Dit was 'n bonatuurlik-bevestigde bediening deur buitengewone siekte-genesing. Die genesingswonder was om die aandag van die mense direk na die teenwoordigheid van God te trek en na die boodskap wat hy moes bring.

Oor die spesiale bediening van Broeder William Branham, het ons baie keer gepraat en geskryf. As oog- en oorgetuie, kan ek bevestig dat God hom as evangelis en profeet soos niemand anders in ons tyd gebruik, geseën en die Woord bevestig het. Maar nou gaan dit nie meer oor die periode vanaf 1933 tot 1946 nie, of die gedeelte vanaf 1946 tot 1965, waardeur hierdie man van God deur die spesiale herlewings- en genesings-byeenkomste wat in 12 lande plaasgevind het, op die hele aarde bekend geword het. Dit gaan oor die besondere tydperk waarin ons nou leef. God, wat Sy verlossingsplan vanuit die ewigheid vasgelê het, voer dit tot aan die einde toe volgens Sy wil uit. Die bediening van Johannes die Doper het vir ons onbegryplik geëindig, deurdat hy onthoof was (Matt. 14: 1-12). Broeder Branham het op 24 Desember, in 1965, aan sy beserings beswyk, nadat hy op 18 Desember in 'n ernstige verkeersongeluk was, veroorsaak deur 'n jong dronk bestuurder. God maak geen fout nie. Dit was duidelik, of ons dit nou kan begryp of nie, dat die bediening van Broeder Branham voltooi was, maar die afsondering en voorbereiding van die Bruidgemeente, egter nog

nie. Die boodskap moes eers na die hele wêreld uitgedra en aan alle volke, tale en nasies versprei word.

## Terwyl Hy lei, wil ek Hom volg

Ek word telkens gevra, veral deur dienende broeders, hoe en wanneer ek Broeder Branham geleerken het en watter ervaringe die belangrikste vir my was.

In die Pinkstervergaderings van die Elim Pinkstergemeente van prediker Paul Rabe in 1949 in Hamburg, aan Bachstraat, het die bekende prediker David DuPlessis uit Suid-Afrika en Hal Herman van Los Angeles, in die VSA, gepraat en vir die siekes gebid. Dit is van Hal Herman dat ek die naam William Branham vir die eerste keer gehoor het in verband met die besondere genesingsgawe.

In 1951 het ek deelgeneem aan byeenkomste van die Vrye Pinkstergemeente in Hamburg op Eimsbüttelerstraat met Oscar Lardon. Daar het ook 'n Duits-amerikaner uit New York gepraat, Hans Waldvogel, en die Switsers-amerikaanse Richard Ruff, wie toe ook William Branham se besondere genesings- en sienersgawe genoem het. Na dit het die genesings-herlewing wat met William Branham begin het, oral om die wêreld heen versprei.

In 1953 het ek van Albert Götz, die stigter van die "Mehr Licht-Verlags" ("Meer Lig-Uitgewers") in Hamburg, die Duitse uitgawe van die boek "William Branham – A Man Sent From God" verkry. Die skrywer was die Amerikaner Gordon Lindsay van Dallas, Texas. Wat daarin berig word, het my baie beïndruk.

Toe ek verneem dat William Branham van 12 tot 19 Augustus, 1955, spesiale vergaderings in Karlsruhe gaan hou, het ek seker gemaak dat ek daaraan deelneem. Daar het ek vir die eerste keer self 'n oog- en oorgetuie van sy oorweldigende bediening geword. Wat in die profetiese bediening van onse HERE gebeur het, was voor ons oë herhaal. Soos Hy vir Natanael kon sê: *"Voordat Filippus jou geroep het toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou gesien"* en vir Petrus, toe Hy hom die eerste keer ontmoet het: *"Jy is Simon, die seun van Jona"* (Joh. 1), of die vrou by die put, oor haar lewe (Joh. 4), ens., so het dit gebeur in die profetiese bediening van Broeder Branham. In die gebed vir die siekes het Broeder Branham in visioene dinge gesien oor die persoon vir wie hy bid, dinge wat hy nie kon geweet het nie. As hy dan sê wat hy sien, het dit die geloof

van die siekes sodanig versterk, dat hulle genees geword het. Hy het hom met dié profeties sieners-gawe op Johannes 14, vers 12 beroep: *"... die werke wat Ek doen, sal hy ook doen"* en bowenal op Johannes 5, vers 19: *"... die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie"*. Net soos die Seun van die mens, Jesus Christus, die beloofde profeet (Deut. 18:18), het Broeder Branham in visioene gesien dit waaroor hy met hulle gepraat het.

Ons was almal oorweldig deur die buitengewone, bonatuurlik-bevestigde bediening, want voor ons oë kon blindes sien, dowes kon hoor en die verlamdes weer loop. Jesus Christus het dieselfde nou gedoen soos wat bekend was toe Hy op aarde gewandel het (Heb. 13:8). Vanaf die eerste byeenkoms, het ek geweet dat hierdie man van God gestuur is, want niemand kon doen wat hier gebeur het nie, tensy God met hom is. Natuurlik het ek verlang om hierdie man van God persoonlik te ontmoet.

Op Maandag 15 Augustus, 1955, het die geleentheid my geval. Sulke nederigheid en hartlikheid, het ek nie voorheen belewe nie! Toe ek naby die ontvangs van die hotel gestaan het, het Broeder Branham in die voorportaal gekom en my gekyk, sy regterhand 'n bietjie na my toe opgelig en gesê: "U is 'n prediker van die evangelie; u vrou staan daar by die ingang". Daarna het 'n handdruk gevolg en 'n kort gesprek. Hierdie ervaring het my so diep beïndruk, dat ek kontak wou hou met die man van God.

Dus het ek in Junie, 1958, die geleentheid benut om aan die groot 'Voice of Healing'-konferensie in Dallas, Texas, deel te neem. In die oggend- en middag-byeenkomste het 'n paar wêreld-bekende evangeliste gepraat en in die aande was Broeder Branham die hoofspreker. Ek het die verskil gesien en het met Broeder Branham voor een van die vergaderings gepraat. Ek wou weet waaroor dit gaan in sy bediening, wat van al die ander verskil het. Hy het geantwoord: "Ek het 'n boodskap wat ek moet bring". Aan die einde van die gesprek het hy gesê: "Broeder Frank, jy gaan met hierdie boodskap na Duitsland terugkeer". Twee jaar tevore het ek saam met my vrou na Kanada geëmigreer, 'n huis gekoop en wou vir altyd daar bly. Maar ek het sy woorde as SO SPREEK DIE HERE aangeneem. Dus is ons die daaropvolgende Augustus weer terug na Duitsland toe. Broeder Branham het my gevra, tydens ons gesprek in Dallas, om na die 'tapeboys' Leo en Gene te gaan, wat sy preke opgeneem het. Ek het vyf band-opnames van hulle af gekry en my

adres gelos. Aan die begin van sy preek "We would see Jesus" ("Ons wil Jesus sien"), op 12 Junie, 1958, het Broeder Branham verwys na ons gesprek, deur te sê: **"'n Man uit Duitsland het net vroeër sy arm om my gesit, net vroeër, waar ons gemiddeld tien duisend bekerlinge elke aand gehad het, vyftig duisend in vyf aande".**

Van toe af was bandopnames van al die preke van Broeder Branham aangestuur aan my. Dus kon ek sy bediening sonder onderbreking tot op die einde volg. In Desember, 1959, het ek in 'n klein gebedsgroep in Krefeld, begin om die preke te vertaal. Op 28 November, 1963, het Broeder Branham tydens 'n byeenkoms gesê: **"Die bandopname-bediening is 'n wêreldwye ding, oral. Ek dink dit is God se manier om die boodskap na die heidense lande te laat deurdring, daar waar dit dan vertaal kan word. In Duitsland, ensovoorts, neem hulle die bande na die byeenkomste van honderde en honderde mense; en sit klein goedjies in hulle ore, dan maak hulle 'n bandopname. En net soos ek nou staan en praat, staan die prediker en maak dieselfde uitdrukkings in sy taal, voor honderde mense, dit wat ek praat ...** ".

## Die belangrikste ervaringe

Die besonderse ervaring op 2 April, 1962, van my roeping en sending tot die bediening, is aan almal bekend. Ek het toe al sedert 1952 gepreek, want ek het geroep gevoel om dit te doen. Maar daardie dag het ek die alles-deurdringende, gebiedende stem van die HERE die volgende woorde hoor uitspreek:

**"My kneg, jou tyd vir hierdie stad sal binnekort verby wees. Ek gaan jou na ander stede stuur, om My Woord te verkondig".**

Ek sê toe: "HERE, hulle sal nie na my luister nie. Hulle het alles in oorvloed en lewe in gemak".

Daarop het die HERE geantwoord: **"My kneg, die tyd sal kom dat hulle na jou sal luister. Sorg daarvoor dat voedsel en kruideniersware vir julle ingesamel word, want daar kom 'n groot hongersnood. Dan moet jy in die midde van die mense**

**staan en die voedsel uitdeel ..."**. Toe volg die opdrag: **"My kneg, stig geen plaaslike gemeentes nie en deel nie 'n gesangboek uit nie, want dit is 'n teken van 'n denominasie".**

Omdat natuurlike lewensmiddele soos aartappels, meel en olie genoem was, het ons regte lewensmiddele in die kelder opgestoor. Omdat dit in die tyd van die Berlynse krisis, die Kubaanse missielkrisis en die klimaks van die Koue Oorlog was, het ons gereken op 'n groot komende ramp. Dit was in Augustus, 1961, dat die Berlynse Muur gebou was en in Oos- en Wes-Duitsland, ja, deurgaans Europa was mense gespanne, oor wat alles volgende sou gebeur.

Toe die maande verloop en daar geen hongersnood was nie, het ek 'n groot innerlike noodgevoel gekry, dat ek nie meer wou preek nie. In November het ek Broeder Branham gebel en gevra om hom dringend te sien. Dit het toe op Maandag, 3 Desember, 1962, plaasgevind met twee broeders, Fred Sothman en Banks Wood teenwoordig. Ek het oorkant Broeder Branham aan tafel gesit en kon sien dat hy 'n visioen sien, want sy regteroog was effens toe. Toe herhaal hy die presiese bewoording van my roeping, en sê aan my dat dit geen aardse voedsel en hongersnood was, soos ek aangeneem het nie, maar dat dit gaan oor die beloofde Woord vir hierdie tyd — die geestelike voedsel wat ek moes opstoor.

In sy preek van 1 April, 1962, het hy gepraat oor die opdrag wat hy gegee was. Dit is, om die voedsel in Jeffersonville op te stoor. Dit het gebeur deur die preke wat op band opgeneem was. Daarom was al die preke na my toe gestuur. Hy het my ook vertel dat ek met die uitdeel van die voedsel — nie met die prediking van die Woord nie — moes wag, totdat ek die res sou kry wat daarby behoort. Aan die einde vra hy my toe of ek in sy plek by die 'Christian Businessmen's Fellowship', by Demos Shakarian in Los Angeles kon praat, aangesien hy besig was met voorbereiding om na Tucson, Arizona, te verhuis. Omdat my terugvlug in elk geval via Los Angeles beplan was, het ek met graagte ingestem.

Dit beteken vir my baie dat ek persoonlike kontak met Broeder Branham gehad het, in sy huis was, saam met hom geëet het, saam met hom in sy motor gery het. Ook die telefoonoproepe en 23 briewe van hom — die eerste was op 11 November, 1955, die laaste op 30 September, 1965 — behou ek in waardevolle herinneringe. Maar die

belangrikste was die verbinding op geestelike vlak, dit wat God bestem het.

Soos vir almal wat na aan Broeder Branham bestaan het, was sy skielike dood ook vir my 'n groot skok, hoewel ek hom in 'n visioen op 24 Desember, 1965, op 'n wolk gesien opstyg het. 'n Dag voor sy begrafnis op 11 April, 1966, is ek toegelaat om Broeder Branham by die begrafnisondernemers nog eenmaal te sien: met 'n sagte glimlag op sy gesig het hy in die kis gelê, sonder enige sigbare wonde. By die begraafplaas het die leidende broeder die treurende gemeente begroet met die woorde: "Ons is hier vir die opstanding van die profeet". Die vergaderdes het daardie Paassondag in 1966 gereken dat hy sal opstaan. Maar dit het nie gebeur nie en so is sy oorskot onder die lied "Only believe, Only believe ...", in die graf geplaas. My geestelike wêreld en al my hoop op die bediening van Broeder Branham, was vir my aan skerwe. Toe ek na my hotelkamer terugkom, het 'n diepe vrede my egter gevul en het dit in my hart gesê: "Dit is nou jou tyd, om van stad tot stad en van land tot land, die boodskap te gaan verkondig".

In die volgende twee dae, 12 en 13 April, het ek die broeders in Jeffersonville bymekaar geroep. Al die ander wie van buite die stad gekom het, het ná die begrafnis teleurgesteld teruggekeer huistoe, behalwe Lee Vayle, wat die boek "The Exposition of the Seven Church Ages" ("Die Eksposisie van die Sewe Kerkeeue") geskryf het. Tot dan was daar slegs dié boek oor die kerkeeue en die 48-bladsy brosjure "The Laodicean Church-Age" en die boeke "Twentieth Century Prophet" en "A Prophet visits South Africa". <u>Op daardie stadium was daar nog nie 'n enkele preek van Broeder Branham gedruk nie en het niemand ook gedink om dit te doen nie</u>. Ek het voorgestel dat Roy Borders, Broeder Branham se sekretaris, wie ek ook persoonlik geken het, verantwoordelik moet wees daarvoor. Ons het ooreengekom <u>dat die band-opnames van die preke in druk oorgesit word, en as brosjures uitgedeel moes word, sodat dit in ander tale vertaal kon word</u>.

In my eerste engels-gepubliseerde brosjure, "ONLY BELIEVE THE THUS SAITH THE LORD", het ek die bediening van Broeder Branham bekendgestel. Die totale uitgawe van 85,000 eksemplare was met die Jeffersonville adres aan al die lande gestuur, waar ek gepreek het. So kon almal wat belangstel, die gedrukte preke in Engels uit

die VSA gestuur word. In Krefeld het ons begin met die vertaling en publikasie van die gedrukte preke in die Duitse taal.

Reeds in 1966/67 het ek vergaderings in 25 stede in Wes-Europa gehou waarby Broeder Pearry Green op my uitnodiging getuienis afgelê het van wat hy tydens Broeder Branham se vergaderings belewe het. Toe begin die broeders in ander tale vertaal. So was die mondelinge kennis oor die boodskap, ná die heengaan van die profeet, aangevul deur die verspreiding van die gedrukte preke. Vanaf 1968 het ek ook oral in Oos-Europa gepreek, ingesluit Moskou. Toe volg Kaïro, Damaskus, Beiroet en baie ander plekke op alle kontinente, waar ek die bybelse boodskap kon verkondig het. Daar was 14 ryklik-geseënde jare, onder die direkte leiding van die HERE, wat in 85 lande vele vrugte voortgebring het vir die koninkryk van God.

Toe kom die jaar 1979, toe die hele hel oopgemaak het, wat vir my en die werk van God deur die ergste lastering en opsetlike karakter-moord wou vernietig. Selfs oor die goddelike roeping was daar gelaster en was dit bevraagteken. Dit is net aan God en Sy genade te danke, dat die vyand nie daarin geslaag het om God se werk te vernietig nie.

'n Nuwe tydperk was begin waarin aan die lig gekom het dat twee verskillende sade na vore gekom het: een die Woord-saad, die ander dié van verleiding. Albei bid tot God soos Kain en Abel, albei sing dieselfde geestelike liedere. Maar die onderskeid is duidelik sigbaar: die een laster, die ander word gelaster, die een haat en die ander word gehaat, ens.

Onder die valse invloed was daar verwarring en verdeeldheid, sodat daar oral sogenaamde "boodskap-gemeentes" tot stand gekom het. Daar het nog nooit 'n verdeeldheid deur 'n goddelik-geplaaste bediening gebeur nie. Die kenteken van diegene wat onder valse inspirasie en onder hul eie lering staan, is dat hulle dissipels agter hulle aan trek (Hand. 20:30). Om dan hul eie lering aan hul ondersteuners te regverdig, skuil hulle agter die profeet, wat altyd vorentoe gestoot word. "Omdat", beweer hulle, "almal die Bybel het, maar niemand dit verstaan nie". So word dit wat die profeet gesê het, nie teruggeneem en geïdentifiseer in die Bybel nie, maar bo die Bybel gestel, hoewel die profeet tientalle kere daarop aangedring en die woorde in Openbaring 22 beklemtoon het: *"As iemand iets van*

*die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad ..."*.

Niemand is meer dankbaar vir Broeder Branham se bediening as wat ek is nie; sy bediening was tog immers net soos die wat onse HERE self gehad het. Die man William Branham was die God-gewyde houer, wat deur die HERE gebruik was. Die onfeilbaarheid en die bonatuurlike wat in sy bediening plaasgevind het, kan en mag slegs aan God opgedra word. Daarom behoort alle eer, alle dank, alle aanbidding, aan God alleen, in die Naam van die HERE Jesus Christus. Tot die profetiese bediening behoort egter ook die leringsbediening, sodat alles ooreenkomstig die verlossingsplan van God, bybels georden kan wees. Dat die HERE my daartoe bestem het om aan alle nasies die geopenbaarde Woord as die laaste boodskap te verkondig, was Sy besluit. Ek wou dit nie hê nie, en het ook nie daarvoor gevra nie. Maar ook dit moet weer gesê word: Soos daar sonder 'n boodskapper, geen boodskap kan wees nie, so sou die wêreld ook nie sonder hierdie goddelike roeping, van die boodskap gehoor het nie.

Broeder Branham is 50 jaar al nie meer op die aarde nie, en kan dus self glad nie die Wederkoms van Christus, waarop ons nou wag, voorafgaan nie, soos daar verkeerdelik beweer word. Maar die bybelse boodskap wat hy gepreek het, word aan al die nasies verkondig. Die HERE het Sy boodskapper geneem maar die boodskap word steeds wêreldwyd uitgedra. Die boodskap is dit wat in die Woord van God staan — nie interpretasies van dit wat Broeder Branham gesê het nie.

Natuurlik was hy tot aan die einde toe in groot afwagting op die dinge wat God sou doen, en ons sal alles meelewe en in vervulling sien, wat God in Sy Woord belowe het. Aanhaling: **"Daar sal so 'n krag in die Gemeente kom, wat dan gaan neerdaal. Die Heilige Gees sal die mense so salf dat hulle die woord sal uitspreek en dit skeppingskragtig sal werk ... die Gemeente word in hierdie posisie gebring, sodat die volheid van die krag van die Heilige Gees in die Gemeente inkom. Dit sal net 'n kort tydjie neem. Let wel: dit sal nie lank duur nie, maar dit sal daar wees"** (13 Maart, 1960).

Aanhaling: **"Maar wanneer daardie tyd kom — wanneer daardie druk begin, dan sal dit wat nou tydelik gesien word,**

**in die volheid van sy krag gemanifesteer word"** (29 Desember, 1963).

Soos dit in Josua se tyd gesê kon word, sal dit uiteindelik wees: *"Geen woord van al die beloftes wat die HERE aan die huis van Israel gegee het, het onvervuld gebly nie; alles is nagekom"* (Jos. 21:45).

## Die Verbondsark en die Borsplaat

In Exodus 25 vind ons die presiese beskrywing van die Verbondsark. Dit het behoort in die Allerheiligste, want daarin was die van-God-geopenbaarde Woord bevind. *"En sit die versoen-deksel bo-op die ark; maar in die ark moet jy die Getuienis (die Wet) neerlê wat Ek aan jou sal gee"* (vers 21). Die Verbondsark was vir Israel van groot belang omdat dit die Verbondswet bevat het vir die Verbondsvolk. Die Woord van God was die sertifikaat van die verbond (IKon. 8:21) wat God met Sy volk gemaak het.

Nie in die voorhof nie, ook nie in die heiligdom nie, maar in die Allerheiligste, direk vanuit die Verbondsark, het die HERE God aan Sy kneg Moses gesê: *"Daar sal Ek met jou saamkom en van die versoen-deksel af, tussen die twee gérubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel"* (Ex. 25:22).




Die Verbondsark en alles wat aan die heiligdom en die Allerheiligste behoort het, moes presies gemaak word volgens die goddelike instruksies: *"En kyk dat jy dit maak volgens die patroon daarvan wat jou op die berg getoon is"* (Ex. 25:40). *"Net soos die HERE Moses beveel het, so het die kinders van Israel die hele werk gemaak"* (Ex. 39:42).

Soos die hoëpriester die offer-bloed aangebied het op die Verbondsark se versoendeksel (Lev. 16:14) en daarmee al die oortredinge van die volk op die groot versoeningsdag vergewe was (Lev. 16:17), so het onse Verlosser Hom as Lam van God vir onse sondes geoffer en met

Sy bloed die hemelse Heiligdom ingegaan en dit op die Verbondsark aangebring. So dan het die oordeelstroon die troon van genade geword. *"... maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring"* (Heb. 9:12).

Toe Hy sterwe, het die Verlosser uitgeroep: *"Dit is volbring!"* (Joh. 19:30). God het 'n verbond met ons gesluit, die weg na die Allerheiligste was geopen.

*"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe Testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"* (Matt. 26:28).

Met die intog in die beloofde land, het die volk agter die Verbondsark aan, wat deur die priesters gedra was, die land binne gegaan. Die Jordaan het verdeel toe die draers van die Woord hulle voete, met geloof in God se Beloftewoord, in die Jordaan geplaas en die beloofde land inbeweeg het (Josua 3). Selfs die mure van Jerigo het inmekaar gesak toe die volk volgens die Woord van die HERE die Verbondsark gevolg het.

By die temple-inwyding *"… het die priesters die verbondsark van die HERE na sy plek in die binneste vertrek gebring …"* (IIKron. 5:7). Toe die gebed van Salomo en die lofprysing van die volk opgevaar het na die hemel, het die heerlikheid van die HERE die gebou gevul.

Hier is die les: die HERE God het onder Sy verbondsvolk, Israel, alles georden en Sy stem laat weerklink vanaf Sy troon van genade aan Sy dienskneg, wat dit aan die volk deurgegee het. Telkemale, selfs toe die tempel ingehuldig was, het die HERE Sy volk daarteen gewaarsku om hulle van Hom en Sy Woord af te wend.

Ongelukkig het die skrifgeleerdes die volk van God later deur hulle eie interpretasies mislei, sodat die profeet hulle moes aanvat: *"Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die wet van die HERE is by ons? <u>Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers</u>. Die slim mense kom in die skande, is verslae en verstrik. Kyk, hulle het die woord van die HERE verwerp, en watter wysheid sou hulle hê?"* (Jer. 8: 8-9).

Dit gebeur ook so in die tydverloop van die nuwe-testamentiese gemeente en dus ook in onse tyd. Die apostel Paulus het reeds destyds al aangekondig: *"Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word ... en*

*die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* (IITim. 3:13 + 4:4).

## Lig en Reg

Nou kom ons by die tweede punt.

Exodus 29 berig breedvoerig oor hoe priesters in hulle ampte geplaas was. By die ingang van die openbaringstent moes 'n ram as offer aangebied word en sy bloed aan die punt van die regteroor, die regter duim en aan die groottoon van die priester se regtervoet gesmeer word. En deur die salwing met olie was die priesters van kop tot tone aan God toegewy met al hul denke, handelinge en wandelinge.

God het die borstas laat maak wat deur die priester in die heiligdom gedra moes word, waar die goue kandelaar en die tafel met die toonbrood gevind was. 12 edelstene was in die borstas geplaas, met die name van die 12 stamme van Israel. *"So moet Aäron dan die name van die kinders van Israel in die borstas van beslissing op sy hart dra as hy in die heiligdom ingaan, om hulle in gedagtenis te bring voor die aangesig van die HERE gedurigdeur"* (Ex. 28:29). In Exodus 28, vers 30, lees ons van die Urim en Tummim, Lig en Reg: *"Jy moet ook in die borstas van beslissing, die <u>Urim en die Tummim</u> sit, dat hulle op die hart van Aäron kan wees as hy voor die aangesig van die HERE ingaan. So moet Aäron dan die beslissing van die kinders van Israel gedurigdeur op sy hart dra voor die aangesig van die HERE"*. Die priester moes altyd die borstas dra, wanneer hy die heiligdom betree het (Lev. 8:8).

Voordat 'n besluit geneem kon word op 'n spesiale droom of openbaring wat voorgedra was, moes dit voor die Urim en Tummim gebring word. Die opflikkering van lig vanuit al 12 edelstene was dan die bonatuurlike bevestiging daarvan. As dit waar was en God Sy "Ja" daarvoor gee, dan het die lig uitgeskyn; as dit nie reg was nie, het dit donker gebly. Toe die Israeliete in die tyd van Esra en Nehemia uit die Babiloniëse ballingskap terug gekeer het, was alles weer herstel, wat deel was van hierdie diens van God: *"... En die goewerneur het aan hulle gesê dat hulle nie mag eet van die hoogheilige gawes nie, <u>totdat die priester sou optree met Urim en Tummim</u>"* (Neh. 7:65).

Broeder Branham het die Urim en Tummim 138 keer met nadruk genoem en dit in verband gebring met die Woord van God. Aanhaling: **"Die Urim and Tummim het op Aaron se bors gehang, hier. Die Urim en Tummim was bedek met 12 edelstene ... as hulle nie seker was nie, het hulle voor God gekom vir 'n antwoord, en as dit God se wil was, het die lig van die Urim en Tummim geskyn, as aanduiding dat dit God se wil is, aldan nie ... ".**

**"Met die beëindiging van die priestersamp, was die Urim en Tummim weggedoen. God het nou 'n ander Urim en Tummim: Dit is God se Woord. God se Woord is die Urim en Tummim. "God se Woord is waaragtig, terwyl elke mens 'n leuenaar is", sê God. "Die hemel en die aarde sal verbygaan", het Jesus gesê, "maar My woorde sal nooit verbygaan nie"** (9 Junie, 1953; 21 Januarie, 1961, o.a.).

Eers wanneer die volle lig van die Woord uitstraal, sal die Woord ons voete verlig en 'n lig vir ons pad wees. Dan is dit waar en word bevestig deur die leer van die apostels in die Nuwe Testament (Hand. 2:42).

Wat die bediening van Broeder Branham betref: Hy het deur die openbaring van die Heilige Gees al die geheimenisse openbaar gemaak — of dit nou gaan oor wat in die begin in die tuin van Eden gebeur het, of die belangrikste leerstellinge soos die Godheid, die bybelse doop, die nagmaal, of selfs die moeilike onderwerp van die huwelik en egskeiding, tot by die sewe seëls in die boek van Openbaring. Alles wat aan die profeet geopenbaar was, is ook aan ons geopenbaar, sodat ons dit nou, deur die verkondiging, verder kan uitdra. Aan die einde sal die Gemeente van die lewende God teruggebring word na haar regte, oorspronklike stand, omdat sy die *"pilaar en grondslag van die waarheid"* is (ITim. 3:15). So lui die belofte, en die boodskap sal in die kinders van die belofte (Gal. 4:28), ten volle uitrig, dit waarvoor dit gestuur is (Jes. 55:11).

## Die Geestelike Oriëntasie

Die mees algemene vraag in ons tyd is: Wie is die dwase maagde? Maar alvorens ons kan dink aan die dwase maagde uit Mattheüs

25, moet ons in die eerste plek besorgd wees om deel te wees van die wyse maagde.

Soos almal weet, gaan hoofstuk 24 die gelykenis van die tien maagde in hoofstuk 25 vooraf. Ek vra almal om Matthéüs 24 in gebed sorgvuldig te lees. Dit spreek ook van die laaste tydperk, waarin ons nou leef: van oorloë, hongersnode en aardbewings; ook van die valse christusse en valse profete wat sal opstaan, wie groot wonderwerke en tekens sal doen, om, indien dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei. Ons dank die HERE dat dit nie moontlik is nie! Dan volg die waarskuwing van onse HERE: *"Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê"*. Hy het ook gesê dat die Wederkoms van die Seun van die mens sal wees *"soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn"* — nie jare of weke nie. Dan verwys onse HERE na die vyeboom waarmee Israel reeds in Hosea 9, vers 10, vergelyk is: *"Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is"* (Matt. 24:32). Die volk Israel het uit meer as 150 lande teruggekeer (Jes. 14:1; Jer. 31:10; Esé. 36:24; Luk. 21:29). Ons het die staat Israel sedert 1948 en nou is daar byna 17 miljoen Jode, soos voor die Holocaust.

Die HERE het toe verder gegaan: *"So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur"* (vers 33). En die HERE het steeds verder van Sy Wederkoms praat: dat twee dan op 'n bed sal wees (Luk. 17:34), twee in 'n veld (Matt. 24:40); een sal aangeneem word en die ander agtergelaat word. Hy het nog 'n maal benadruk: *"Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle HERE kom nie"* (vers 42). En as 'n laaste waarskuwing het Hy gesê: *"Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie"* (vers 44). Net hulle wie gereed sal wees, sal die Bruilofsmaal ingaan! Alles wat die HERE in hierdie hoofstuk vooruitgespreek het, het nou voor ons oë met Israel, met die Midde-Ooste en oor die hele wêreld, tot vervulling gekom.

Matthéüs 24, verse 45-47, gaan oor die uitdeel van die voedsel, tot met Sy Wederkoms. Die HERE stel self die vraag: *"Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?"*. Ons weet dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord van God (Matt. 4:4; Deut. 8:3). God het belowe om 'n hongerte te stuur om na Sy woorde te luister (Am. 8:11). Was die tafel van die HERE ooit so

ryklik gedek soos nou? Gee al die dienende broeders wêreldwyd nie ook dieselfde geestelike voedsel vandag nie? Die skrif word sigbaar voor ons oë vervul.

In die laaste verse van Matthéüs 24, in verse 48-51, moes die HERE natuurlik ook van 'n bose dienskneg praat. Maar dit was nog altyd so. God stuur Sy diensknegte om Sy Woord te verkondig en daarna kom selfverklaarde manne na vore wat die mense hul eie interpretasies aanbied, **maar hulle kan nie verslag doen van enige roeping en sending nie. By God bly dit altyd: Geen roeping sonder 'n sending nie en geen sending sonder 'n roeping nie**. In Matthéüs 13, verse 34-43 het onse HERE van die goeie saad gepraat wat Hy self gesaai het en hoe dat die vyand dadelik daarna gekom en die bose saad gesaai het. En albei het voortgekom: Dit een is kinders van God, die ander die kinders van die bose. Daar is geen land op aarde waar die ware boodskap van die Woord nie eers gebring was nie en dan daarna eers was die bose saad van interpretasies gesaai.

In Matthéüs 25 gaan onse HERE voort: *"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet"*. Almal moet daarvan bewus wees dat direk na Matthéüs 24, word in hoofstuk 25, vers 1 gesê: ***"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde ..."***. Nie voor nie en nie daarna nie, **maar wanneer alles wat daarmee gepaard gaan, vanuit hoofstuk 24 gebeur en die ware voedsel uitgedeel word,** kom die gelykenis van die tien maagde in die koninkryk van God ook tot vervulling. Die boodskap weerklink nou al hoe harder: *"Kyk, die Bruidegom kom! <u>Maak gereed</u> om hom te ontmoet!"* (Hermann Menge vert.).

Aanvanklik gaan al die maagde op hul weg. Met hul lampe in die hand gaan hulle die Bruidegom tegemoet. Maar die wyses bly die hele pad doelgerig. Hulle neem hul houers met die olie saam. Almal het aan die slaap geraak en almal het wakker geword toe die oproep om middernag kom: *"Kyk, die Bruidegom kom!"*. Al die maagde het uit die slaap opgestaan, almal het hul lampe skoon gemaak, maar op die kritieke oomblik het die lampe — die ligte —van die dwase, doodgegaan. Terwyl hulle olie by die handelaars gaan kry, dan kom die Bruidegom. Die wyses gaan in na die Bruilofsmaal en die deur word gesluit. Dan kom die dwase te laat en skree: *"HERE, HERE, maak vir ons oop!"*. Maar dan hoor hulle die ongelooflike antwoord:

*"Voorwaar Ek sê vir julle, Ek ken julle nie!"* direk daarna kom die ernstige waarskuwing: *"Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie"* (vers 13). Kom ons dink weer daaraan: in die begin, toe die oproep kom, was dit maagde wat die Bruidegom tegemoet gaan, en aan die einde huil hulle voor die geslote deur: *"HERE, HERE, maak vir ons oop!"*.

Die dwase, wie se lampe uitgaan, het eers die lig, hulle ervaar die afsondering, maar nie die voorbereiding nie (Openb. 19:7). Die Gees van God lei tot alle waarheid en gehoorsaamheid. En net dié wat hulle laat lei deur God se Gees, in alle waarheid, is die ware kinders van God (Rom 8:14). Die wyses neem ook die kruik met olie saam. Wat die Profeet Elia destyds gesê het, is vandag nog van toepassing: *"Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die HERE reën op die aarde sal gee"* (IKon. 17:14). Hulle het die brood van die lewe en die volheid van die Gees en ontvang die volle seën van die laat reën. *"Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die HERE. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het"* (Jak. 5:7). Die wyse maagde is die Bruid. Sy sal die doel bereik met die terugkeer van die Bruidegom. Sy glo absoluut elke Woord van God. Sy is deur die bediening direk aan God verbind, wie Sy werk voltooi. Sy keer elke interpretasie af en kan nie verlei word nie (IIKor. 11). Nie die begin nie, maar die einde word bekroon.

## Hoe het die apostels hulself voorgestel?

Paulus begin sy brief aan die Romeinse gemeente met die woorde: *"Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God ..."*.

Die apostel Jakobus begin sy brief met die woorde: *"Jakobus, 'n dienskneg van God en die HERE Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!"* (Jak. 1:1).

Die apostel Petrus begin ook sy tweede brief met: *"Símeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het"* (vers 1).

Die getroue HERE het oor die jare heen, keer op keer opdragte aan my gegee en my elke keer met "My kneg" aangespreek, soos reeds in verskeie Omsendbriewe, insluitend in Desember 2005, aangegee is. Die dwase spot daaroor, hulle glo net in die roeping van die boodskapper, maar nie in die roeping van die een wat die boodskap uitdra nie.

Inderdaad word almal dan voor die finale besluit geplaas. Dit wat Paulus met die oog op 'n sending geskryf het, bly staan: *"En hoe kan hulle preek* <u>*as hulle nie gestuur word nie*</u>*? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!"* (Rom. 10:15).

Ek kan dus ook uit genade sê: "... die een <u>wat my gestuur het</u>, het vir my gesê ...", dat dit niks met my as persoon te doen het nie; ek is ook net 'n mens, 'n begenadigde sondaar, soos Broeder Branham van homself gesê het: "a sinner saved by grace" — "'n sondaar, gered uit genade". Ons het te doen met God se plan van verlossing en wat Hy belowe het vir hierdie belangrikste periode. Dit bly daarby wat onse HERE gesê het: *"...* <u>*wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My*</u>*!"*. En wat van diegene wat hom nie inneem nie? *"En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af!"* (Matt. 10:14).

Wie van God is, sal die Woord van God hoor en wie uit God gebore is, sal dit glo. Die dwase gaan dit wat nou gebeur minagtend verby. Op hulle is dit van toepassing wat op alle ander is: *"Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie"* (Hand. 13:41). Die wyses het nie net gehoor wat God nou doen nie, hulle het 'n direkte aandeel in die werk, tot aan die voltooiing.

Laat ons weer die belangrike punt van 'n sending beklemtoon. In die eerste vers van Openbaring 1 lees ons: *"... en* <u>*wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes bekend gemaak het*</u>*"*. In die laaste hoofstuk lui dit: *"... en die HERE, die God van die heilige profete,* <u>*het sy engel gestuur*</u>*"* (vers 6) en uiteindelik *"*<u>*Ek, Jesus, het my engel gestuur*</u> *..."* (vers 16). Of dit nou 'n hemelse bode, of 'n aardse boodskapper is: <u>Wie God stuur staan in direkte opdrag en spreek die woorde van God</u> (Joh. 3:34). Met die bediening wat

nou uitgevoer word, gaan dit ook oor 'n sending wat van verlossingsgeskiedelike belang is.

## 'n Halfeeu

Ons kyk met dankbaarheid terug na wat die HERE in die vyftig jare sedert Broeder Branham se heengaan gedoen het. Dit bly daarby, dat Broeder Branham die beloofde profeet was. Alles wat tot die unieke bediening van die profeet en boodskapper behoort, is vervul. Sy bediening is afgesluit. Wat Broeder Branham as mens betref, het hy die reg gehad om mens te wees. Hy het die reg gehad om sy verwagtinge te opper aangaande die "third pull" ("derde trek"), die sewe donderslae, die tentvisie, ens. Sy menslikheid het nie sy bediening geminag nie. In sy uitsprake was daar baie dinge wat moeilik is om te verstaan, en ongelukkig is dit steeds so, soos Petrus met verwysing na die briewe van Paulus geskryf het: *"Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf"* (IIPet. 3:16).

Daar is glad nie enige plek vir interpretasies nie, dit lei net tot ondergang. As ons alles terugneem na die Woord en dit korrek plaas, sal die moeilik-verstaanbare maklik verstaanbaar wees. In opdrag van God vra ek om respek vir die Woord van God. Geen profesie van die Skrif word toegelaat om na willekeur uitgelê te word nie, nie eens oor die sewende seël nie. Ook nie oor die sewe donderslae nie, of enige ander dinge wat ná die heengaan van Broeder Branham onder die mense versprei het en valse hoop aangewakker het nie.

Niemand sal my daarvan weerhou, om God se Woord te glo soos dit geskryf staan nie, en wat Broeder Branham gesê het, harmonieus daarin te plaas nie. So gewis soos wat die HERE Sy skeppingswerk voleindig het, so voleindig Hy ook gewis Sy verlossingswerk self: *"Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die HERE van die leërskare"* (Sag. 4:6[b]).

Ons is in groot afwagting dat die HERE gou 'n magtige deurbraak sal gee. Tot dan moet ons volhard soos die apostel dit geskryf het: *"Want julle het (volhardende) lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry"* (Hebr. 10:36).

So staan dit geskrywe: *"Want <u>die HERE sal Hom gereed maak</u> soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon <u>om sy werk te doen</u> — vreemd is sy werk! En <u>om sy daad te verrig</u> — ongehoord is sy daad!"* (Jes. 28:21). Dit gaan nie oor wat mense verwag en aankondig nie, maar wat God in die Woord belowe het. *"... <u>want Hy volbring 'n saak</u> en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"* (Rom 9:28).

Aan die lig van die ernstigheid van die tye, is dit wat Paulus in Romeine 16 geskryf het, nou belangriker as ooit: *"Ek vermaan julle, broeders, <u>hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer</u> wat julle geleer het, en vermy hulle. Want sulke mense dien nie onse HERE Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges"*.

*"Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees"* (IIKor. 13:11). Amen.

## Die Internasionale Sendingsentrum

Toe ek in April, 1966, van die begrafnis van Broeder Branham af teruggekeer het en met die voltydse bediening begin het, het ek geen idee gehad watter omvang die sendingwerk binne so 'n kort tyd sou het nie. God het van die begin af gesorg vir alles wat nodig was, sodat ons tot vandag nog elke brosjure, elke boek, elke CD of DVD, gratis kon uitgedeel het. Selfs vir die konstruksie van die verskillende geboue — die Huis van aanbidding 1973-1974, die ander geboue in 1977-1978 en ook vir die laaste een in 1990 — was daar geen lening nodig nie. Daar is nog nooit geld genoem nie en ook geen offerandes vir enige spesiale programme ingesamel nie.

Ek is veral dankbaar vir die broeders en susters wie hul verskillende talente aan die HERE beskikbaar gestel het: die broeders, wat my ondersteun in die prediking van die Woord; die diakens in die gemeentebediening; die koorleier met die sangers en die orkes; die vertalers wat in die internasionale vergaderings gelyktydig in 12 tale en alle preke op DVD en in druk-vorm vertaal. Ook al die ander wat hier werk in die sendingsentrum, hetsy in die kantoor, in die drukwerk, die versending; tot diegene wat die hele sendingsentrum binne en buite skoon en netjies hou.

Die getroue God het nie net 'n vergadersaal met 'n galery geskenk nie, maar ook 'n eetkamer en 'n sondagskoolvertrek. Dus kan ons met die algemene byeenkomste meer as 1,200 mense akkommodeer.

Selfs met al die nodige tegniese vaardighede, het die HERE ons broeders toegerus en gesorg vir die tegnologie. Dit is hoe ons byeenkomste kan hou op die eerste naweek van elke maand en aanlyn, deur middel van die internet, aan die hele wêreld vertaalde dienste kan uitsein, en ook elke maand 11,000 DVD's kan uitstuur. Boeke, brosjures en Omsendbriewe word ook vlot versend deur onse span.

Broeder Paul Schmidt en al die broeders wat in die predikinge deel gehad het in die plaaslike gemeente, sowel as alle dienende broeders wat die Woord in alle lande preek en die reine geestelike voedsel uitdeel, wil ek almal heel hartlik bedank. Ek bedank ook broeders en susters hartlik vir die gebede en die gawes ter ondersteuning van die wêreldwye sendingswerk. Mag God u beloon omdat u dit aan die HERE gedoen het.

Ook elkeen van my sendingsreise, die afgelope jaar, was weer 'n triomfantelike tog vir die waarheid. Die HERE het gesê: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matt 24:14). Duisende gelowiges gaan elke maand aanlyn in 172 lande om die preke te hoor en die byeenkomste te volg. By die vele lande waarin ons al jare ons TV-reekse uitsaai, het daar nou ook 'n TV-stasie in Lahore, Pakistan, bygekom. Aanvanklik was daar 23 stasies in die Arabiese lande. Daar is nou 70 wêreldwyd wat een keer per week my preke uitsaai. Ook in Rusland, Roemenië en Bulgarye het ons gereelde TV uitsendings. Dit behoort nie lank meer te wees totdat die laaste een bereik is nie.

Al het 50 jaar verbygegaan, sedert die HERE Broeder Branham weggeneem het, is elke jaar wat die HERE aan ons gee, 'n jaar van genade. Wat onse HERE gesê het, is geldig tot aan die einde toe: *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig"* (Luk. 4: 18-19).

Die boodskap lui: die gebondes is vry, die skuld is gedelg; alle sonde, ook dié van ongeloof en ongehoorsaamheid, insoverre dit aan Hom bely word met berou, word vergewe. Mag almal die tyd ernstig opneem en kan sê: "Ek het die basuin van God gehoor, die boodskap verstaan, die versoening in Christus en met mekaar aanvaar". God het belowe om alles in Sy Gemeente te herstel en tot die regte stand terug te bring. Sy beloftes is ja en amen (IIKor. 1: 20-22); Hy doen wat Hy belowe het. Die Bruidgemeente is teruggebring, in pas met die Woord en sal aan die einde een hart en een siel word op alle plekke, soos dit aan die begin was.

So waar as wat God leef, het ek die wegraping in Januarie, 1981, gesien en ervaar. Almal was jonk, almal in wit geklee, en ons is opgeneem en het die Nuwe Jerusalem binnegegaan. My gebed is dat elkeen wat hierdie Omsendbrief lees, genade by God sal vind, om teruggebring te word en by die Wederkoms van Christus die bruilofsmaal van die Lam sal meemaak (Openb. 19:9).

*"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!"* (Openb. 22:17).

*"Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, HERE Jesus!"* (Openb. 22:20).

Vir 2016 wens ons almal, ongeag in watter stad of land u woon, God se sigbare seëninge, hartlik toe. Ons kyk saam op omdat ons weet dat ons liggaamlike verlossing nader kom. Maranatha.

Gelewer in opdrag van God.

Br. Frank



Die foto van die Sendingsentrum te Krefeld, Duitsland, in Herbertzhof 11-17, is Sondag 4 Oktober, 2015, geneem deur onse broeders Hans Hamestuk en Matthias Miskys.

Elke eerste naweek van die maand kom broeders en susters soms uit meer as 30 lande, per vliegtuig, trein of motor na die byeenkomste.



'n Kykie na Broeder Branham se meer as 600 preekbande wat ek vanaf Junie, 1958, ontvang het tot aan die einde van Desember, 1965.

***"... Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde"*** (Jes. 49:6).



Kinshasa, Demokratiese Republiek van die Kongo, op 12 Julie, 2015



Targu Mures, Roemenië, op 15 Augustus, 2015



Goiania, Brasilië, op 15 November, 2015

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, kontak ons gerus by die volgende telefoon nommers:


Pretoria: +27-73-631-7762

Kaapstad: +27-82-878-2765 of +27-76-112-2702

Krefeld, Duitsland: +49-2151/545151 (Duits)


U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”


Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

Internasionale epos: volksmission@gmx.de



© deur die outeer en uitgewer – E. Frank